

Hoofstuk van die dag: Levitikus 7

> *Julle moet die regterboud van die maaltydofferdier as ’n offergawe aan die priester gee. (vers 32)*

’n Mens hoor van tyd tot tyd dat iemand brom omdat ’n predikant betaal word vir sy werk. Hy doen dit tog vir die

Here, is die argument, en daarom behoort hy nie betaal te word nie. Tog het God van die begin af gereël dat daar in hulle wat voltyds in sy diens staan, se lewensonderhoud voorsien moet word. Die priesters het gedeel in die offergawes wat aan die Here gebring is. Paulus maak ook heelwat daarvan dat kerklike leiers wat die woord van die Here bring, ’n behoorlike inkomste moet kry (1 Tim 5:17-18; vgl 1 Kor 9:7-12).
Dit is ongelukkig so dat party geestelikes van hierdie reëling misbruik maak, en van hulle gemeentelede verwag om vir hulle ’n luukse lewe te gee. Party skimp net, soos die pastoor wat dikwels laat val het dat die Here aan hom geopenbaar het dat hy nog eendag met ’n Mercedes sal ry, tot ’n lidmaat dit vir hom gegee het. Of televangeliste wat in ongekende weelde lewe. Dit was ook een van Hofni en Pinehas, die hoëpriester Eli, se sondes (1 Sam 2:13-17).
Evangeliedienaars het die reg om vergoed te word. Doen dit blymoedig.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026